**Publication:** Tuis
**Title:** Die regte aftreekeuse
**AVE:** 66309.53

**Page:** 73
**Publish Date:** 01 July 2022
**Author:** Murray Ingram







# Die regte aftreekeuse

***Murray Ingram van Kaapstad skryf*** **Ek wil my ouers help om blyplek in 'n aftreeoord te kry. Met die hemelhoë pryse van dié soort eiendomme wonder ek of dit wys is om 'n huis in so 'n oord te koop. Watter ander opsies is beskikbaar?**



**Barry Kaganson, uitvoerende hoof van Auria Senior Living, antwoord** Daar is verskeie leefstylopsies vir senior burgers en dit neem tyd om al die keuses te ondersoek voordat 'n mens die regte besluit kan neem.

Gemeenskappe soos Auria Senior Living word volgens 'n lewensregmodel bestuur. Jy betaal 'n bedrag aan die begin wat jou die reg gee om 'n eenheid vir die res van jou/jul leeftyd te bewoon en te geniet. In dié tyd is 'n maandelikse heffing betaalbaar om algemene bedryfskoste en die instandhouding van gemeenskaplike ruimtes te dek.

Ons fokusareas is aftreegemeenskappe met volgehoue sorg, waar residensiële verblyf gekombineer word met leefstylgeriewe, asook gesondheids- en welstandsdienste aan ouer volwassenes. Dit stel inwoners in staat om die nodige sorg en ondersteuning te ontvang indien hul behoeftes sou verander, sonder dat hulle uit hul gemeenskap hoef te beweeg.

Om by so 'n leefstylgemeenskap aan te sluit, het drie klinkklare voordele in vergelyking met die koop van 'n huis in 'n aftreeoord:

**Minder koste-risiko's** 'n Eie huis gaan altyd met uitgawes gepaard. Die meeste afgetredenes betaal nie meer 'n huislening af nie, maar die koste van instandhouding, herstelwerk en versekering kan jou steeds heelwat uit die sak jaag. In 'n lewensreggemeenskap is jy verseker van 'n tuiste vir die res van jou lewe, maar sonder die risiko van onverwagse kostes. Mense wat by so 'n gemeenskap aansluit, kan sekere lewenskostes vaspen en begroot vir stygings in ander, terwyl hulle geen uitgawes aan huisinstandhouding of sekuriteit het nie.

**Bekostigbare dienste en sorg op die perseel** Nog 'n belangrike voordeel is dat daar toegang tot talle dienste en gesondheidsorgverskaffers op die perseel is. Fiksheid- en welstandprogramme, leefstyldienste soos haarkappers en koffiewinkels, asook onthaal- en ete-opsies is beskikbaar. 'n Groot pluspunt is dat inwoners voordeel trek uit skaal-besparing: Omdat al die inwoners verskeie kostes deel, bly dit billik en voorspelbaar.

**Vroeë optrede bring groter besparings** Daar is verskeie redes om deeglik na te dink oor wanneer die beste tyd is om na so 'n gemeenskap te trek. Dit is voor die hand liggend dat mense graag deel wil word van 'n gemeenskap in 'n omgewing waarvan hulle hou. Daarom is dit belangrik om jou opsies vroegtydig teen mekaar op te weeg terwyl daar talle keuses beskikbaar is, pleks dat jy weens 'n krisis gedwing word om 'n minder aantreklike uitweg te vind. Hoe gouer jy jou lewenskoste kan vasstel op grond van bepaalde uitgawes, hoe meer finansiële sekerheid sal jy hê.

Hoewel die wêreldwye gemiddelde ouderdom waarop mense na 'n senior leefstylgemeenskap beweeg tans 78 is, is ons gemeenskappe gemik op mense vanaf 70 jaar. >>

**KONTAK** auria.co.za